**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening no: 1087/2004

In die hersiening van:

**<u>DIE STAAT</u>**

**en**

**<u>DANIEL MAKIBINYANE</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **LOMBARD *et* VAN COPPENHAGEN RR**

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** **LOMBARD R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **19 AUGUSTUS 2004**

---

Die beskuldigde is tereg aan handeldryf in 230 gram dagga skuldig bevind en tot 'n boete van R2500,00 of 6 maande gevangenisstraf en 'n verdere 12 maande gevangenisstraf wat voorwaardelik *in toto* vir 5 jaar opgeskort is, gevonnis.

Na my oordeel is die vonnis, veral inaggenome die hoeveelheid dagga, so onvanpas dat inmenging aangewese is.

Die beskuldigde is ‘n 24-jarige eerste oortreder, getroud met 2 minderjarige kinders – hy en sy eggenote is albei werkloos – hy haal aan “bly aan die lewe deur dagga te verkoop”. Hy het ook skuldig gepleit.

Die erns van die misdaad en die euwels daaraan verbonde verg geen herhaling nie maar dit moet egter altyd in gedagte gehou word dat elke saak op sy eie besondere omstandighede en feite benader en beoordeel moet word.

In die omstandighede word die skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis word deurgehaal en met die volgende vervang:

> ‘n Boete van R1000,00 of 3 maande gevangenisstraf en ‘n verdere 6 maande gevangenisstraf wat opgeskort word vir ‘n periode van 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan ‘n oortreding van Artikel 5 (b) van Wet 140 van 1992 gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.
>
> Die vonnis sal geag word op 23 Junie 2004 opgelê te gewees het.

**D.J. LOMBARD R**

**EK STEM SAAM:**

**G. VAN COPPENHAGEN R**

**/ec**